

Motorhandelaar sluit ná hy krok aan vrou verkoop

Abrie Burger

’n Kraaifonteinse motorhandelaar - wat ’n skedonk aan ’n kliënt verkoop en toe geweier het om haar geld terug te gee toe die kar vyf dae later breek - se bates word nou op ’n veiling verkoop omdat die handelaar nie ’n reuseboete kan betaal wat deur die Verbruikerskommissie opgelê is nie.

Die veiling volg 16 dae nadat Western Car Sales die sperdatum gemis het waarop hulle R61 450 aan Hanlie van Lill van Kraaifon-

tein moes terugbetaal, asook ’n boete van R100 000 aan die Nasionale Verbruikerskommissie (NVK).

Van Lill het op 11 Desember 2015 ’n tweedehandse Volkswagen Passat, met ongeveer 280 000 km op die afstandmeter, by Western Car Sales gekoop. Sy het die motor drie dae later gaan haal, maar op 17 Desember 2015 het die ratkas probleme gegee. Nog twee dae later, kort voor Kersfees, het die motor met haar man en seun langs die pad gaan staan terwyl

hulle op pad was om vakansie te gaan hou. Die motor is terug na die handelaar gesleep, maar sy moes dit later na haar eie huis neem omdat die handelaar gedreig het met bergingskoste.

Van Lill het die Motorombudsman om hulp genader. Die ombudsman het in Mei verlede jaar in haar guns beslis, maar sy aanbeveling is deur Western Car Sales geïgnoreer. Die Motorombudsman het Van Lill toe na die NVK verwys, wat met ’n ondersoek begin het. Die ondersoek het gelei tot ’n



Hanlie van Lill van Kraaifontein by die motor wat vyf dae nadat sy dit gekoop het, gebreek het. Regs: Western Car Sales se hekke is reeds gesluit. | FOTO’S : EDREA DU TOIT

tribunaalverhoor, wat nie eens deur Western Car Sales bygewoon is nie. Adv. John Simpson, die voorsitter van die tribunaal, sê in

firma nie net Van Lill moet ver- goed nie, maar het hulle ook ’n boete van R100 000 opgelê.

Western Car Sales het tot aan die einde van November kans gehad om die boete te betaal en nadat hulle dit nie kon doen nie, is beslag gelê op hul eiendom, wat nou op ’n veiling verkoop gaan word om hul skuld te delg.

Van Lill het Vrydag aan Rapport gesê die hele proses was onge- looflik frustrerend.

“Ek wou net hê hulle (Western Car Sales) moet die motor reg- maak of my geld teruggee. Dit was



kontant gekoop. Ek het nie geld om ’n nuwe kar te koop nie.”

Die stukkende Volkswagen staan steeds in haar oprit.

Trevor Hattingh, woordvoerder van die NVK, sê die direkteure van Western Car Sales staan ook klagte van minagting van die hof in die gesig omdat hulle nie uit- voering aan die tribunaal se uit- spraak gegee het nie.

Chris Rossouw, eienaar van Western Car Sales, hou steeds vol dat Van Lill se man die motor ge- breek het en sê hy het wel aange- bied om dit reg te maak.

Rossouw sê hy is benadeel om- dat die tribunaal se verhoor in Centurion in Pretoria gehou is, terwyl hy onder die indruk was dat dit in Kaapstad sou wees. Nie hy of sy prokureur, Lukas Krause, wou enigiets oor die veiling of die skuld aan Van Lill sê nie.

■ Gastehuismoord:

Man se optrede ‘verdag’

Was ‘senuagtig’ op lughawe met ‘vars blou kolle’ op lyf

Julian Jansen

Die man van ’n gastehuseie- naar in Kleinmond wat in 2012 vermoor is se gedrag op die oggend nadat haar lyk ont- dek is, was erg agterdogwekkend en daar was merke aan sy lyf wat gelyk het of “hy in ’n stoeigeveg was”.

Kapt. Danie Rautenbach, die ondersoekbeampte van die moord op Christa Ross, het hierdie week getuig in die geregtelike nadoodse ondersoek na haar dood.

Die 59-jarige Christa se naakte liggaam is op 31 Augustus 2012 omstreeks 08:30 die oggend in die bad in haar gastehuis op Klein- mond gevind. Haar lyk is vermoed- elik in kokende warm water ge- los en nege vingernaels was ver- mis.

Rautenbach het getuig Christa se man, Abraham “Rossie” Ross, ’n myningingenieur, het die oggend van die moord na Johannesburg

gevlieg, waar hy ’n lesing gegee het. Drie gaste was nog in die gas- tehuis.

Rapport het vroeër berig dat die polisie op Kleinmond aanvanklik geen vordering met die moord- saak kon maak nie. Nadat ander speurders - onder leiding van Rautenbach - die ondersoek oor- geneem het, is Rossie intensief on- dervra. Die ondersoek na haar dood is toe na ’n geregtelike doodsondersoek verander.

Rautenbach het Donderdag aan landdros Nolan Lendor gesê die polisie het ’n moorddossier ge- open nadat die patoloog ’n ge- breekte beentjie in die oorledene se keel gekry het wat daarop dui dat sy verwurg is.

Hy het ook getuig hy het dit vreemd gevind dat toe hy die nuus van sy vrou se dood aan Ross en sy familie oordra, het Ross op die rusbank neergeval en vreeslik gehuil, maar “skaars ’n minuut daarna toe praat die ou



Christa Ross (59)



Die gaste: Singatla Mqandli, Selwyn Solomon en Jean-Paul Vallentyne, saam met hul regs- verteenwoordiger, adv. Joe Weber, regs. | FOTO’S: EDREA DU TOIT



Ian Ross, die oorledene se seun... praat nie met sy pa by die hof nie.



Abraham (Rossie) Ross, buite die landdros- hof in Caledon.

oor begrafnisreëlings”.

Hy sê op kringtelevisionemateriaal van Ross voor sy vlug op die Kaapstadse Internasionale Luga- we lyk hy “senuagtig” en het kort- kort omgekyk, so al asof hy ver- moed hy word agtervolg.

Hy het ook gedurig sweet met ’n sakdoek van sy voorkop afge- veer. Rautenbach sê dit was vreemd, omdat weersverslae toon dat dit die oggend buitengewoon koel in die Kaap was - slegs 12,4 °C.

Hy sê tydens sy ondervraging van twee uur het Ross gereeld di- rekte oogkontak vermy. Bloed- druppels op ’n handdoek en bad- kamermat het aan hom behoort.

Hy het ook “vars” blou kolle op sy maag en stukkende plekke aan

Die moordtoneel het nie gelyk na die optrede van ’n nor- male skollie nie.

sy lyf gehad. Ross het hierop gesê dat hy twee weke tevore beseer is terwyl hy aan die dak gewerk het.

Beslag is ook gelê op ’n tang wat vermoedelik gebruik is om die oorledene se naels mee uit te trek. ’n Laken, ’n duur ring, selfoon en beddegoed word steeds vermis.

Volgens Rautenbach het die moordtoneel nie gelyk na ’n “nor- male inbraak” of die “optrede van ’n normale skollie nie”.

Ross het gesê sy vrou is om 21:00 die vorige aand bed toe en hy het haar die volgende oggend “voor 04:00” die laaste keer ge- sien. Ross het boonop ’n poli- graaftoets gedop en hoewel die uitslae daarvan nie in ’n hof aan- vaar word nie, het dit wel Ross as ’n verdagte uitgewys, het Rauten- bach gesê.

Kol. Deon Beneke, van die pro- vinsiale polisiekantoor, het in 2013 bevind dat daar voldoende prima facie-getuienis is om Ross in heg- tenis te neem. Hy het daarna in die landdros- hof op Caledon ver- skyn.

Adv. Eben Grobbelaar, Ross se regsvertegenwoordiger, het tydens kruisondervraging aan Rauten- bach opgemerk: “Dié saak is ’n moeilike saak - die tyd. Was mnr. Ross daar, was hy nie daar nie. Daar was ook gaste... Die tyd wat hy weg was, is ook belangrik vir u?”

“Dis korrek,” het Rautenbach geantwoord.

Volgens Grobbelaar het sy kliënt die huis om 03:45 verlaat en nie “ongeveer 04:00”, soos Rautenbach gesê het nie.

Hy het ook gesê dat Rautenbach seker na die lugtemperatuur buite die lughawe verwys het en dat dit binne die vertreksaal nie so koud kon wees soos Rautenbach aan- voer nie. Rautenbach wou hom

nie hieroor uitlaat nie.

’n Gas, Jean-Paul Vallentyne, het getuig dat hy omstreeks 05:40 ’n skuifdeur van ’n aanliggende slaapkamer toegedruk het omdat die blindings aanhoudend en steu- rend teen die skuifdeur gekap het.

Die gas Singatla Mqandli het getuig sy en haar twee kollegas het die oggend tevergeefs na Christa Ross geroep nadat hulle opgemerk het dat geen ontbyt voorberei is nie. Hulle het egter nie verder na Ross gesoek nie en vertrek.

Die Ross-egpaar se seun, Ian, het ook die verrigtinge bygewoon, maar nooit met sy pa gepraat nie.

Die ondersoek hervat weer op 14 en 15 Februarie aanstaande jaar.

Qedani, ‘meesterbrein agter tragedie,’ studeer in Londen

Suzanne Venter en Siphso Mazono

Qedani Mahlangu, die omstrede voormalige LUR van gesondheid in Gauteng wat soos ’n groot speld verdwyn het nadat meer as 100 psigiatriese pasiënte in Gauteng dood is, is in Londen.

Rapport en City Press kan van- dag eksklusief onthul dat Mahlan- gu besig is met verdere studies aan die London School of Econo- mics and Political Science.

Dit terwyl getraumatiseerde fa- milielede en gesondheidswerkers die afgelope twee weke ontstel- lende getuienis gelewer het oor hoe dié pasiënte gely en gesterf het in die veelbesproke Life Esidimeni- skandaal.

Mahlangu is nie op die staat se getuielys nie. Die regsplanne vir die pasiënte wou ’n lasbrief uitreik dat sy deel vorm van die onder- soek, maar het nie geweet waar om haar op te spoor nie.

Betroubare bronne het aan Rap- port bevestig dat sy besig is met verdere studies in Londen. Rap- port het ook bewyse dat Mahlangu op 29 Julie van Suid-Afrika na Heathrow gevlieg het.

Mahlangu het bedank die aand voordat die gesondheidsombuds- man, prof. Malegapuru Makgoba sy skokkende verslag oor die dood



Qedani Mahlangu, voormalige LUR van gesondheid, moet getuig in die Life Esidimeni-arbitrasieverhoor. | FOTO: SUZANNE VENTER

van meer as 100 psigiatriese staatspasiënte op 1 Februarie van- jaar bekend gemaak het.

Hierin het hy dit duidelik ge- maak dat Mahlangu die meester- brein agter die departement se plan was om geld te spaar deur hul kontrak met vier Life Esidime- ni-hospitale te beëindig.

Talle pasiënte is onder meer na ongelisensieerde nieregigeringsor- ganisasies (NRO’s) geskuif waar hulle swak versorging gekry het. Lui-

dens die verslag is pasiënte soos diere in vragmotors, busse en bak- kies deur die NRO’s vervoer.

Rapport was vandeelsweek by Mahlangu se huis in Bedfordview, Johannesburg. Ons is begroet deur ’n sekuriteitswag met ’n hond wat Qedani se dogter op versoek geroep het. Sy het beves- tig dat Qedani haar ma is, maar wou nie enige verdere vrae beant- woor nie.

Intussen het die stigter van die

Precious Angels-NRO, Ethol Ncu- be, die afgelope week in die arbi- trasieverhoor getuig. Altesame 23 pasiënte is hier dood.

’n Emosionele Ncube het erken dat sy ’n fout gemaak het en nooit die 58 pasiënte moes ingeneem het om te versorg nie. Sy het gesê sy het nie die nodige ondersteu- ning van die departement van ge- sondheid gekry nie en dat sy nou in ’n finansiële verkorsing is.

Regter Dikgang Moseneke het haar gevra of die polisie haar al gekontak het om te ondervra vir hul ondersoek. Sy het geantwoord dat hulle het, maar sy het nog nooit weer van hulle gehoor nie.

Moseneke het vir die soveelste keer tydens die arbitrasieverhoor wat op 9 Oktober begin het, sy ontevredenheid uitgespreek oor die polisie se traagheid om die dood van die pasiënte te onder- soek. Rapport het ook geen reaksie op navrae aan die polisie oor hul ondersoek gekry nie.

Die waarnemende hoof van die Gautengse gesondheidsdeparte- ment, dr. Ernest Kenoshi, het verlede week getuig die dodetal staan nou op 141. Volgens dr. Malebona Precious Matsoso, direkteur-gene- raal van die departement van ge- sondheid, is daar nog 59 pasiënte wat nie opgespoor is ná die ver- skuiwings nie.



JAN RABIE & MARJORIE WALLACE SKRYWERSBEURS 2018

Die Universiteit van Wes-Kaapland kondig graag aan dat aansoeke ingewag word vir die vyfde toekenning van die Jan Rabie & Marjorie Wallace-beurs. Hierdie beurs, befonds deur ’n ruim bemaking van wyle Marjorie Wallace, se hoofdoel is om ’n belovende of ’n gevestigde skrywer in staat te stel om vir ’n jaar lank te fokus op ’n projek in skeppende skryfwerk in Afrikaans. Die beurs beloop R400 000. Die skryfprojek moet op publikasie gerig wees. Daar sal met die beurshouer onderhandel word om in die loop van die jaar op paslike wyse deel te neem aan konferensies, seminare, en/of die openbare lesingsreeks van die Universiteit.

Die beurs word toegeken in die gees van Jan Rabie en Marjorie Wallace se werk en strewende ten opsigte van Afrikaans as taal van ’n breë gemeenskap.

Die motiverende dekbrief moet onder andere die aansoeker se rekord as skrywer kortliks uiteensien. Elke aansoek moet vergesel word van ’n volledige CV, ’n eksemplaar van onlangse werk, ’n deeglike projekvoorstel met ’n werksplan en beoogde teikendatums asook enige ander toepaslike inligting. Aansoekers moet ook ’n aanduiding gee van reëlings wat getref sal word om vir die periode van die beurs voldoende tyd aan die beoogde manuskrip te gee.

Verdere besonderhede en ’n meer gedetailleerde inligtingstuk kan aangevra word by me. Janine Pekeur, rabiewallacebeurs@gmail.com of 021 959 2112.

Aansoekers moet die Universiteit bereik teen Vrydag, 17 November 2017, en kan gestuur word na:

Prof. S van Wyk, Departement Afrikaans en Nederlands, Jan Rabie & Marjorie Wallace-Beursfonds, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X 17, Bellville 7535.

Elektroniese aansoekers kan gestuur word na rabiewallacebeurs@gmail.com; en aansoekers wat per hand afgelewer word, moet by kamer D28 op die grondvloer van die Nuwe Lettere- gebou ingehandig word.

Die Universiteit behou die reg voor om nie ’n toekenning te maak nie.

’n Plek van gehalte, ’n plek vir groei, van hoop tot aksie deur kennis